1904 - 2004

LAERSKOOL DANIE MALAN

TEL: 546-1358
546-1368
FAKS: 546-0705

KOOS DE LA REYSTRAAT 279
POSBUS 16163

PRETORIA-NOORD 0182
PRETORIA-NOORD 0116

Algemene navrae/ General enquiries:
navrae@daniemalan.co.za
Vrystellings/ Exemptions:
finansies2@daniemalan.co.za
Hoof/ Principal:
hoof@daniemalan.co.za

Akademie/ Academic:
hbloem58@gmail.com
Inskrywings/ Afwesighede/ Enrollment/ Absent:
ontvangs@daniemalan.co.za
Finansies / Finances :
finansies@daniemalan.co.za
Dissipline/ Sport/ Disscipline/ Sport:
fventer@daniemalan.co.za

OMSENDBRIEF 19 – 2 Junie 2015

Geagte ouers

PERSONEEL:
Baie geluk aan Tannie Charmaine Hammond by Admin wat die 3 de Junie verjaar! Baie welkom aan juffrou Hetta Dippenaar wat in juffrou Bettie Liebenberg se plek aflos tot en met die einde van die kwartaal.

DATUMS VIR KWARTAAL 2 VAN 2015

3 Junie	**EKSAMEN: KUNS EN KULTUUR Gr 7** Krieketproewe O/10
4 Junie	Rugbyliga teen Magalieskruin (weg) NETBAL 0/13 A Tshwane uitspeelwedstryde
5 Junie	**EKSAMEN: NW/TEG & GR. 7 NW**
6 Junie	**Bulletjie rugbydag by Danie Malan**
8 Junie	**EKSAMEN: AARDRYKSKUNDE** Sokker Laerskool Voortrekker Eeufees (weg)
10 Junie	**EKSAMEN: EBW GR. 7** Krieketproewe O/13
11 Junie	Rugbyliga laaste wedstryde teen Die Poort (weg)
12 Junie	**EKSAMEN: AFR. VRAESTEL 3 (TAAL EN BEGRIP) Gr 4 - 7**
15 Junie	**SKOOLVAKANSIEDAG**
16 Junie	**JEUGDAG**
17 Junie	**EKSAMEN: GESKIEDENIS) Gr 4 - 7**
19 Junie	**EKSAMEN: TEGNOLOGIE GR. 7**
20 Junie	**GRAAD R OPEDAG 08:30** **GRAAD 1 OPEDAG 10:00**
22 Junie	**Grondslagfase rapporte uit**
23 Junie	**GSF – Oueraand**
26 Junie	**SKOOL SLUIT** ***Markdag Graad 6*** **BETAAL R5 VIR BEHOEFTIGE LEERDERS**

NETBAL:
Ons 0/13 A span is aangewys as Distrikswenners. Hul speel Donderdag 4 Junie verder uit vir Tshwane wenners.

Baie geluk aan die span en hul afrigters. Ons spog graag met die volgende netbaluitslae vir die seisoen:
0/8 A Naaswenners
0/8 B Naaswenners
0/9 B Ligawenners
0/10 A Ligawenners
0/10 B Naaswenners
0/12 B Ligawenners
0/13 A Distrikswenners
0/13 B Ligawenners
Geluk aan die spanne en hul afrigters.

BELONING – VRYDAE 13:00:
Op Vrydag, 5 Junie 2015 verdaag die Gr 1-7 leerders om 13:00, omdat die terrein netjies was. Die Graad 3's help die week met die opruiming.

KLEREDRAG:
Neem asseblief kennis van die volgende reëls:
- Die leerlinge wat sweetpakke en grys langbroeke dra moet swart skoolskoene daarby dra, en nie tekkies.
- Indien u kind op Vrydae 'n kortbroek dra mag hy/ sy tekkies dra saam met die wit Vrydagdrag kouse.
- Dogters wat broekiekouse dra mag nie bo-oor gewone kouse ook dra nie.
- Leerlinge mag nie T-hemde dra wat sigbaar is nie.

U samewerking in die verband word waardeer.

KINDERS WAT NA SKOOL BY DIE SKOOL IS:
Daar is heelwat kinders wat na skool steeds by die skool is. Die kinders hardloop op die stoepe en rig skade aan. Die reëling is dat kinders om 14:00 moet verdaag, en dat slegs die kinders wat by oefening of R.O. klasse betrokke is, mag agterbly. Laerskoolkinders moet onder toesig wees na skool. Ouers wie se kinders na skool by die skool is, en nie by aktiwiteite betrokke is nie, moet alternatiewe reëlings tref. Ons gaan na die CCTV materiaal kyk en al die kinders wat op die stoepe hardloop na skool identifiseer, en u in kennis stel. Indien daar skade aangerig is, sal die betrokke ouers verantwoordelik wees vir die skade wat aangerig is. U samewerking in die verband word waardeer.

OUERS WAT KINDERS BOELIE:
Neem kennis dat geen ouer of voog 'n kind mag aanspreek of aanraak op die skoolterrein nie. Bring enige swak gedrag onder die aandag van die personeel. Die personeel sal in sulke gevalle optree. Die skool moet 'n veilige omgewing vir kinders wees, waar leerders nie bang hoef te wees dat groter persone hul gaan boelie nie. Indien 'n ouer of voog met 'n leerder raas of hul aanrand op die skoolterrein sal stappe geneem word, en sodanige ouer sal die terrein verbied word. U samewerking in hierdie verband word waardeer.

EIENAARSKAPPROJEK:
Ons benodig die volgende en sal waardeer indien u kan help:
- Skopfietse vir Graad R (nuut of gebruik)
- Fietse vir Graad R (nuut of gebruik) klein 2 wiel.
- Plante vir ons tuine (enige plante soos Sonvangers, Agapanthus, Clivia's, broodbome, grondbedekkers ens.)
- Potte om die tuine mee te versier.
- "Stepping stones" en spoelklippies.
- Speelgoed vir die Graad R leerders (enige)

U kan die hoof skakel of epos na hoof@daniemalan.co.za of sommer net skool toe stuur. Ons sal enige bydrae waardeer.

NIE-BEDERFBARE PRODUKTE:
Indien u blikkieskos, en nie-bederfbare produkte kan stuur sal ons dit waardeer. Ons help van ons behoeftige gesinne met kos en ons voorrade is weer min. U kan dit kantoor toe stuur.

SPEELGOED:
Die leerders mag nie speelgoed skool toe bring nie. Dit sluit albasters in. Dit veroorsaak vir ons oneindig baie dissipline probleme. U samewerking in die verband word waardeer.

"MENTAL MATHEMATICS:"
Maandag 8 Junie neem die volgende leerders deel aan die Distrik se Wiskunde hoofrekene kompetisie by Laerskool Hermanstad.
Gr. 4 Megan Delport, Franco van Staden, Kylie Medijkane
Gr. 5 Monika vos, Zuané van Wyk, Anke Bosh
Gr. 6 Alexa Farrell, Nashita Chowdhury, Londeka Ngwenya

AFSKEURSTROKIE VAN OMSENDBRIEF 19/2015

Ek, _____ouer of voog van _____ in Gr. _____/_____ neem kennis van Omsendskrywe 19 van 2015.

1904 - 2004

LAERSKOOL DANIE MALAN

TEL: 546-1358
546-1368
FAKS: 546-0705

KOOS DE LA REYSTRAAT 279
POSBUS 16163

PRETORIA-NOORD 0182
PRETORIA-NOORD 0116

Algemene navrae/ General enquiries:
navrae@daniemalan.co.za
Vrystellings/ Exemptions:
finansies2@daniemalan.co.za
Hoof/ Principal:
hoof@daniemalan.co.za

Akademie/ Academic:
hbloem58@gmail.com
Inskrywings/ Afwesighede/ Enrollment/ Absent:
ontvangs@daniemalan.co.za
Finansies / Finances :
finansies@daniemalan.co.za
Dissipline/ Sport/ Disscipline/ Sport:
fventer@daniemalan.co.za

OMSENDBRIEF 19 – 2 Junie 2015

Gr. 7 Karla Vos, Charné Scholtz, Zelri Voster.
Baie sterkte aan die leerders.

PERIODE 1 OP 'N VRYDAG NA LEESPERIODE:
Periode 1 op 'n Vrydag sal gedurende die eksamen op Donderdae die laaste periode plaasvind. Maak asseblief seker dat u kind dié periode se boeke sal inpak op 'n Donderdag.

ONBEKENDE DEPOSITO'S:
Die verwysings van die volgende elektroniese betalings wat ons ontvang het, is onbekend. Indien u enige van hierdie betalings gemaak het kontak asb. vir Annelize by die finansiële kantoor om die nodige regstelling aan te bring.

Datum	Verwysing	Bedrag
2015/04/10	Onbekend 10024000633453	R434

RUGBY:
Die volgende spanne het hul wedstryde teen Hermanstad gewen
O/10A wen 46-0
O/11 A wen 43-0
O/13B wen 62-0
O/13A wen 63- 0
Baie geluk aan die spanne en hul afrigters.

HOKKIE:
Die Graad 1 tot Gr 3 Hokkie begin Maandag 8 Junie vanaf 14:00 tot 15:00 by die Netbalvelde oefen. Die oefeninge vir die res van die kwartaal sal net op Maandae van 14:00 – 15:00 plaasvind. Al die klein dogtertjies is welkom. U kind benodig die volgende: Vrydagdrag, tekkies, bal, hokkiestok

SKAAK:
Ons O/11 en O/13 skaakliga is nou afgehandel. Ons wag nog vir die amptelike ligauitslae. Ons skaakspelers het deelgeneem aan die Gauteng Individuele proewe op 22 Mei . Timoné Manders het uitgeblink as Algehele wenner O/11 en 'n tweede plek by O/13 behaal. Stephan Chambers was die beste seuns O/13 speler en Hlayi Nonyana was die beste O/13 speler in die dogters afdeling. Hulle neem deel op 6 Junie aan die SA toernooi. Die O/9's speel Woensdag 10 Junie teen Laerskool Wonderboom (weg) . Christopher Campher was die no1 speler by Gauteng Individuele proewe op 22 Mei. André Haarhoff was die algehele wenner van O/9's by die Wonderboom Ope, terwyl Beate Haarhoff aangewys is as die beste dogterspeler. Ons is trots op julle!

FORMELE ASSESSERING EN MID-JAAR EKSAMEN GEWIGSWAARDE:
Dit is baie belangrik dat u kind baie hard leer vir die eksamen. Die halfjaar eksamen dra baie meer gewig as. Ons gee graag vir u 'n uiteensetting van die gewigswaarde van klaswerk (formele assessering) teenoor die gewigswaarde van die eksamen.

GRAAD 4 – 6			
HALFJAAR EKSAMEN		**FORMELE ASSESSERING**	
Afrikaans	50	Afrikaans	50
Engels	50	Engels	50
Wiskunde	50	Wiskunde	50
NW/Teg Graad 4	80	NW/Teg Graad 4	20
NW/Teg Graad 5-6	75	NW Teg Graad 5-6	25
SW	50	SW	50
Skeppende Kuns	-	Skeppende Kuns	100
PSW	100	PSW	-
GRAAD 7			
HALFJAAR EKSAMEN		**FORMELE ASSESSERING**	
Afrikaans	50	Afrikaans	50
Engels	50	Engels	50
Wiskunde	50	Wiskunde	50
NW	60	NW/Teg	40
SW	60	SW	40
Tegnologie	70	Tegnologie	30
EBW	70	EBW	30
Skeppende Kunste	50	Skeppende Kunste	50
LO/PSW	70	LO/PSW	30

Geen kind sal by 'n oefening verskoon word om te gaan leer vir die eksamen nie. Ons het juis ons eksamenrooster mooi versprei, sodat die leerders steeds aan hul buitemuurse aktiwiteite kan deelneem. As u kind baie buitemuurse aktiwiteite het, moet hul net vroeër begin leer of afskaal.

VCSV:
Alle leerders van Gr 3 tot 7 word uitgenooi om aan te sluit by die Verenigde Christen Studente Verening by ons skool. Byeenkomste vind Maandag middae na skool in die Mediasentrum plaas van 14:00 tot 14:45. Daar is geen koste aan verbonde nie en leerders kry die geleentheid om God beter te leer ken deur middel van speletjies, liedjies, kompetisies, ens.

MNR. EN MEJ. DANIE MALAN:
Die Mnr en Mej. Danie Malan word uitgestel na Kwartaal 3 weens te min belangstelling.

VERVOER VIR 'N LEERDER:
Ons is opsoek na vervoer vir 'n leerder in die middae vanaf skool na Yolandi Place, Dr van der Merwe straat. Dooringpoort.

Groete

Mev. Hettie Smith
Skoolhoof

Robotika (Lego bou en programmeer) Vakansie kursus
Kontak Nicky du Plessis 083 414 3888
Seuns en Dogters van 10 jaar en ouer.
Datum: 29 - 2 Julie Tyd 08 - 15h00
Kostes: R400 per leerder
By Stephanus Roos Laerskool